NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK-klante - No 3 - Oktober 2005

Moet ek mielies koop of plant?

Planttyd klop aan die deur en baie produsente is onseker oor wat hulle te doen staan. Ondanks die feit dat mielieprys die afgelope paar weke gestyg het tot op vlakke waar mielieverbouing amper weer begin aantreklik raak, besef produsente dat koste-berekeninge baie noukeurig gedoen sal moet word voordat hulle besluit om te plant.

Die alternatiewe moet deeglik teen mekaar opgeweeg word voordat 'n besluit geneem kan word oor of mielies aangekoop of geplant moet word. Die koop van mielies maak sin solank die mielieprys laer is as die koste om mielies te produseer.

NWK Koördinaat het met Danie Smith (Bestuurder: Graanverhandeling) en Kalla Reynolds (Graanhandelaar) van die departement Graanbemarking gaan gesels om uit te vind wat hulle aanbeveel.

As gevolg van die lae mielieprys oorweeg baie produsente dit om eerder mielies te koop as om dit te plant. Produsente wat hierdie strategie volg, moet daarvoor beplan om aangekoopte mielies tot so laat as Mei 2006 te hou voordat dit verkoop word. Laer aanplantingsyfers en 'n moontlike mid-somer droogte kan pryse laat styg.

Volgens hulle is daar drie alternatiewe wat 'n produsent kan oorweeg as hy mielies wil aankoop, naamlik: die aankoop van fisiese mielies, die koop van 'n termynkontrak vir lewering in Maart 2006 of Mei 2006 of 'n sintetiese koopopsie-strategie.

Aankoop van fisiese mielies

Risiko

- Die mark moet bo die somtotaal van die produsent se aankoopprys plus sy opberging- en rentekoste styg om 'n wins te realiseer.
- Die risiko in die geval van prysdalings is onbeperk.

Kontantvloeibehoeftes

- Die totale koopsom, of alternatiewelik;
- Finansiering met 'n 20% deposito van die ex silo waarde van die mielies (kontant of sedeer ander/addisionele mielies in die silo vir die waarde van die 20% deposito). Die waarde van die deposito moet in stand gehou word indien markpryse daal.

Koste

- Opberging- (tot 'n plafonbedrag van R40/ton vir opberging tot 30 April 2006) en rentekoste – begroot met die oog daarop om in Mei 2006 eers te verkoop.

Na bl. 3

Diesel: bestel vroegtydig en kry teen ou prys

Brandstofpryse het die afgelope jaar die hoogte in geskiet. Produsente moet onthou dat hulle, danksy NWK se onderhandeling met Total, hul brandstof teen die ou prys kan vasmaak as bestellings vroegtydig geplaas word.

Volgens Koos van Huyssteen (Bestuurder: Handel) moet 'n produsent net sy bestelling voor 12:00 die Vrydag voor die prysstyging by die handelswinkel plaas om die brandstof teen die ou prys te kry.

"Produsente moet egter daarop bedag wees dat daar die daaropvolgende maand 'n prysdaling kan voorkom," sê Koos.

NWK
U tevredenheid is ons trots

WEET JY HOE JOU GROND LYK?

Grondkartering is ‘n bestuurshulpmiddel wat produsente in staat stel om hulle grond optimaal aan te wend en om sodoende hul risiko te verlaag.

“Deur grondkartering te laat doen, kan ‘n produsent presies sien watter tipe grondvorms waar op sy plaas voorkom. Die plaas word dan in samewerking met die produsent herbeplan om die optimale aanwending van die grond as hulpbron te verseker,” verduidelik Arno van Vuuren (Bestuurder: Landboubestuursdienste). “Grond wat byvoorbeeld te kleierig of te vlak vir mielies is, moet dalk eerder met aangeplante weiding gevestig word.”

Navrae

Kontak Bates Booyens (Grondkunde Tegnikus) by (018) 633-1148, 082 898 2998 of *bates@nwk.co.za* vir ‘n kwotasie.

Wenke vir die boer

Gedurende Oktober en November moet produsente aan die volgende aspekte aandag gee:

Vee

- Sodra die nuwe groen weidings begin benut word, moet somerlek saam met winterlek vir drie weke gevoer word sodat die diere daarby kan aanpas.
- Om blousuurvergiftiging te bekamp, moet somerlek en byvoeding vir skape wat groenvoer benut, swael bevat.
- Benut eerste die onsmaakliker vleiweidings voordat smaaklike natuurlike veld benut word.
- Ent skape teen bloutong en bloednier en beeste teen spons-/miltsiekte.

Besproeiing

- Kyk uit vir plantluise op koring – dit gaan binnekort begin kop uitsteek.
- Die totale stikstofpaaiement moet reeds toegedien wees.
- Profiele moet maksimaal aangevul wees om die droë en winderige September/Oktober-periode te oorbrug.

Akkerbou

- Hou lande skoon van winteronkruid, sowel as vroeë onkruid wat na die eerste reën kiem.
- Maak gebruik van die Kredietdepartement se aanbod vir finansiering van R300/ha om lande skoon te hou.

Kaarte

- Produsente moet vanjaar GPS-kaarte saam met hul produksie-aansoeke by NWK inhandig. Onthou om die kaart saam met die aansoek by die Kredietdepartement in te dien. Landboubestuursdienste kan ook gekontak word om die vereiste kaarte te voorsien.

Kontaknommer

Skakel Landboubestuursdienste by (018) 633-1145.

Grondbone: Hiervan moet jy weet

Grondboonprodusente moet kennis neem van die nuwe wetlike vereistes vir die produksie van grondbone vir uitvoere. Streng standaarde vir toelaatbare vlakke vir chemiese residue op grondbone word in terme van wetgewing rakende voedselveiligheid in die Europese Unie en Japan voorgeskryf.

Nuwe plaaslike regulasies

Neem ook kennis van die nuwe plaaslike regulasies wat van toepassing is op voedselveiligheid en -higiëne van plantaardige produkte wat vir die uitvoermark bestem is (Goewermentskennisgewing no 707 van 13 Mei 2005).

Dié regulasies is op HACCP- en Codex Alimentarius-beginsels gebaseer en vereis dat daar aan goeie voedselveiligheidspraktyke dwarsdeur die waardeketting van die grondbonebedryf voldoen moet word. Dit sluit in dat daar aan minimum vereistes vir toelaatbare vlakke vir chemiese residue op grondbone wat vir die uitvoermark bestem is, voldoen moet word.

Toelaatbare chemiese residu-vlakke

‘n Beroep word op alle rolspelers gedoen om uitvoering aan die vereistes vir toelaatbare vlakke vir chemiese residue op grondbone wat vir die uitvoermark bestem is te gee, ten einde die markaandeel van die Suid-Afrikaanse grondbonebedryf in veral die Europese Unie en Japan te behou.

Rekordhouding noodsaaklik

Rekordhouding van die gebruik van chemiese middels vir naspeurbaarheid is noodsaaklik en produsente word versoek om die nodige rekordstelsels in stand te hou en dit met die lewering van die eerste vrag gondbonepeule aan die grondboonverwerker beskikbaar te stel.

Jy moet registreer

Alle grondboonprodusente moet ook by die Departement van Landbou as ‘n *Food Business Operator* (FBO) registreer.

Kontak hulle vir meer inligting

NWK beoog om voor die aanvang van die gronboneplantseisoen afskrifte van die riglyne aan sy produsente beskikbaar te stel.

Skakel gerus vir Johan Vorster (Bestuurder: Grondbone) by (018) 633-1090 vir enige navrae.

Volledige inligting oor die soort en hoeveelheid chemiese residue wat vir uitvoer toegelaat word, is op Graan SA se webwerf by *www.graansa.co.za* beskikbaar.

Inligting, standaarde, wetgewing en registrasie ten opsigte van voedselveiligheid (FBO) kan ook op die Departement van Landbou se webwerf by *www.nda.agric.za* verkry word.

Skatting is nodig vir beplanning

NWK is baie afhanklik van 'n korrekte oesskatting vir beplannings- en begrotingsdoeleindes. Dit verseker dat daar behoorlike beplanning vir boerderyinsette gedoen kan word en ook dat voldoende silokapasiteit beskikbaar sal wees om die oes te kan ontvang. 'n Meer akkurate oesskatting sal ook help om graanpryse meer deursigtig vas te stel.

Hoe word dit gedoen?

NWK het wegbeweeg daarvan om aanplantings- en oesskatingsinligting in totaal per produsent in te win. Die oesskatting word reeds vanaf verlede jaar met behulp van GIS-kaarte per landkode gedoen. Depotpersoneel is getaak om inligting van produsente in elke depot se omgewing per landkode volgens die GIS-kaarte waarop die plase en lande uitgemerk is, in te win.

'n Beroep word weer eens op produsente gedoen om die depotpersoneel behulpsaam te wees om die inligting op te dateer. Produsente sal vanaf September gereeld gekontak word om inligting in te samel en op te dateer.

Kobus van den Berg (Bestuurder: Graandienste) bedank alle produsente wat verlede jaar hulle samewerking gegee het met die oesskattingsprojek en spreek sy vertroue uit dat dit hierdie jaar nog beter gaan wees.

Hy verseker weer eens produsente dat die inligting vertroulik hanteer sal word en dat 'n produsent se individuele inligting nie sonder sy toestemming aan enige iemand bekend gemaak sal word nie.

Dankie vir jou samewerking

2005 se oes is bykans klaar by die depots gelewer en volgens Kobus van den Berg (Bestuurder: Graandienste) is NWK se graanontvangstes beter as wat beraam is. "Ons wil ons produsente bedank vir hulle lojale ondersteuning."

'n Voorslag produsent

Tydens 'n galafunksie gedurende September is Gert Pretorius van Lichtenburg as die Syngenta Droëbone Produsent van die Jaar aangewys.

Die toekenning, wat in Pretoria oorhandig is, word elke twee jaar deur die Droëbone Produsente Organisasie gemaak.

Baie geluk, Gert. NWK is trots op sy Voorsitter.

Moet ek mielies koop of plant?

Van bl. 1

Koop van 'n termynkontrak

Risiko

- Die prys moet styg tot bokant die prys waarteen die termynkontrak gekoop is om 'n wins te maak. Onthou dat die prysverskil tussen die prys in die kontantmark (wat die produsent kan kry as hy nou verkoop) en die prys waarteen die termynkontrak vir lewering in Maart 2006 of Mei 2006 gekoop kan word, nie 'n prysstyging verteenwoordig nie, maar net die (gedeeltelike) vergoeding is vir die koste wat aangegaan word om mielies van nou af tot dan te dra.
- Daar is nie 'n beperking op die risiko vir verliese indien die prys sou daal nie.

Kontantvloeibehoeftes

- Wanneer die termynkontrak gekoop word, moet R100/ton as aanvangsmarge (deposito) betaal word.
- Die produsent moet variasiemarges in stand hou – vir elke R1/ton wat die prys daal, moet die produsent R1/ton inbetaal. As daar nie genoeg kontant beskikbaar is nie, kan dit daartoe lei dat die termynkontrakte voortydig verkoop moet word. 'n Aanvanklike deposito van R50/ton kan hiervoor vereis word wanneer die termynkontrakte gekoop word.

Koste

- Die produsent se eie koste om die mielies te dra (opbergingskoste én rente) moet teen die prysverskil tussen die prys in die kontantmark en die prys waarteen die termynkontrak vir lewering in Maart 2006 of Mei 2006 gekoop kan word, opgeweeg word.
- As die verskil groter as die produsent se eie drakoste is, is dit goedkoper om eerder fisiese mielies aan te koop en te berg.

Sintetiese koopopsie-strategie (koop 'n termynkontrak én 'n verkoopopsie)

Risiko

- Die mark moet met meer as die opsiepremie wat betaal is, styg voordat 'n wins gerealiseer word.
- Hierdie alternatief is die veiligste van die drie. Sou die markprys daal, kan die produsent slegs die opsiepremie wat hy betaal het, verloor.

Kontantvloeibehoeftes

- Die produsent is nie verantwoordelik vir die instandhouding van enige variasiemarge bo en behalwe die aanvanklike opsiepremie wat betaal moet word nie.

Koste

- Soos in die geval met die koop van 'n termynkontrak, moet die produsent se eie koste om die mielies te dra ook teen die prysverskil tussen die prys in die kontantmark en die prys waarteen die termynkontrak vir lewering in Maart 2006 of Mei 2006 gekoop kan word, opgeweeg word.

Aanbeveling

Produsente wat hul risiko wil beperk en bereid is om 'n premie daarvoor te betaal, behoort eerder 'n sintetiese koopopsie-strategie te oorweeg, terwyl produsente wat bereid is om die volle risiko van markbeweging te neem, kan oorweeg om fisiese mielies op 'n termynkontrak te koop.

Navrae

Bespreek gerus jou opsies met jou Graanhandelaar by (018) 633-1030.

Rekening gestop: nou wat nou?

Om jouself die verleentheid te spaar om in die middel van 'n transaksie daarop gewys te word dat jy nie verder op rekening aankope kan doen nie, moet jy jou rekeningstate gereeld kontroleer.

Dit is die raad van Willie Manders (Bestuurder: Krediet). "Produsente se rekeninge word rekenaarmatig beheer en sodra 'n produsent sy kredietlimiet bereik het, sal die rekenaarstelsel hom verhoed om verdere aankope op krediet te doen," verduidelik Willie.

Die Kredietdepartement stuur wel vooraf briewe na produsente wat jaarrekeninge het sodra die produsent 80% van sy kredietlimiet gebruik het om hom daarop te wys dat hy sy limiet nader. Indien die produsent sy limiet wil verhoog moet hy vroegtydig die nodige reëlings met die Kredietdepartement tref.

Saldonavraag

Kredietlimiete word na elke transaksie rekenaarmatig bygewerk en reserverings, uitgestelde transaksies en graankrediete speel ook 'n rol in die beskikbare kredietlimiet. Produsente kan, indien hulle onseker is oor hoeveel krediet hulle beskikbaar het, 'n saldonavraag by die Handelswinkelbestuurder doen.

30 dae na staat

Let ook daarop dat 'n maandrekening 30 dae na staat vereffen moet word. Geen aankope sal op krediet gedoen kan word indien die volle bedrag nie betaal is nie.

Boedels

In die geval van boedels, sekwestrasies en likwidasies word die rekening ook onmiddellik gestop totdat die wetlike aspekte rondom dit afgehandel is en dit word dan gekanselleer.

Navrae

Skakel gerus jou stel by die Kredietdepartement indien jy navrae oor jou rekening het.

DIREKSIEKOMITEES WORD UITGEBREI

Tydens die Direksievergadering van 17 Augustus is 'n besluit geneem om die Oudit- en die Vergoedingskomitee van NWK Beperk elk met een lid ('n nie-uitvoerende direkteur) uit te brei. Die gedagte is om nou reeds blootstelling aan van die jonger direkteure te gee.

Die voorgestelde gewysigde Maatskappywet maak nou ook voorsiening dat 'n publieke maatskappy 'n ouditkomitee moet hê wat uit nie minder nie as drie nie-uitvoerende direkteure bestaan.

Eenparig verkies

Heinrich Krüger en Coenie van der Merwe is eenparig as addisionele lede van die onderskeie Komitees verkies. Die Ouditkomitee bestaan dus nou uit Willie Conradie, Hannes du Preez, Heinrich Krüger en dr Chris Wentzel, terwyl die Vergoedingskomitee uit Gert Pretorius, Wilco Beukes, Coenie van der Merwe en dr Wentzel bestaan.

Vergadering

Die laaste geskeduleerde Direksievergadering vir die jaar sal op Donderdag, 3 November op Lichtenburg plaasvind.

Stop ongerymdhede só

Die huidige ekonomiese omstandighede veroorsaak dat korrupsie, bedrog en ongerymdhede al hoe meer in die besigheidsektor in Suid-Afrika voorkom.

NWK het 'n ooreenkoms met Whistle Blowers, 'n onafhanklike onderneming, om handelsmisdaad in NWK en sy filiale te help beveg.

Enige verskaffer, kontrakteur, kliënt, werknemer of enige belanghebbende persoon kan 'n klagte by Whistle Blowers aanhangig maak.

Jy bly anoniem

Die persoon wat die ongerymdheid, diefstal of bedrog aan Whistle Blowers rapporteer, kan anoniem bly.

Whistle Blowers verskaf die inligting oor die ongerymdheid aan NWK en waarborg dat NWK nooit sal weet van waar en van wie die inligting kom nie.

Hoe kan jy met Whistle Blowers in verbinding tree?

Jy kan Whistle Blowers 24 uur per dag, 365 dae van die jaar kontak en die diens is in Afrikaans, Engels en Tswana beskikbaar.

Tolvrye nommer: 0800 202 606

Tolvrye faksnommer: 0800 202 606

E-pos:
information@whistleblowing.co.za

Posadres:
Information Administrator
Posbus 51006, Musgrave, 4062

Gaan só te werk

Wanneer 'n oneerlike optrede of handeling by Whistle Blowers gerapporteer word, sal die volgende inligting help om die ongerymdheid vinnig op te los, maar dit is nie noodsaaklik nie:

- Naam/name van persone wie betrokke is
- Waar die voorval plaasgevind het
- Die aard van die voorval
- Datum en tyd van die voorval
- Watter bewyse beskikbaar is
- Naam/name van moontlike getuies

Onthou: alle oproepe word streng vertroulik hanteer.

Planterklinieke in nabye toekoms gehou

Produsente wat daarin belangstel om 'n planter uit die New Holland-stal aan te skaf, sal gedurende Oktober tydens 'n reeks planterklinieke die geleentheid hê om New Holland se ASM-planterreeks van nader te beskou.

Drie modelle beskikbaar

Die planters is in die volgende drie modelle beskikbaar:

- ASM 1211: 3 ry x 1,5 m; 3 ry x 2,3 m; 6 ry x 0,75 m en 6 ry x 0,9 m
- ASM 1213: 8 ry x 0,75 m
- ASM 1215: 8 ry x 0,9 m

Al die modelle is hidrouliesgedrewe vakuumplanters vir akkurate saaduitmeting, -spasiëring en plantpopulasie. Die planteenhede is met saadskywe met 'n deursnee van 300 mm toegerus, wat 'n laer omwenteling benodig en slytasie derhalwe beperk.

Met die aanbring van sekere komponente kan hierdie planters ook maklik na geenbewerkingsplanters omgeskakel word.

Navrae

Vir meer inligting oor die planterklinieke gesels met jou Meganisasie Takbestuurder of skakel Trys Coetzee (Bestuurder: Meganisasie) by (018) 633-1189.

Meer koring aangeplant

Volgens saadverkope lyk dit asof daar dié seisoen bykans dubbeld soveel koring as verlede jaar onder besproeiing geplant is. Johan Verwey (Bestuurder: Bemesting en Saad) sê dat die hoë saadverkope toegeskryf kan word aan die feit dat baie produsente nie kontrakte vir mielieproduksie gekry het nie.

Moenie dié dag mis nie

NWK bied op 5 Oktober, in samewerking met Bayer Dieregesondheid, Omnia en Noordwes Voere, 'n spesiale vleisbeesproduksiedag vir al sy produsente aan.

Van die sprekers wat die dag sal optree, is dr Andy Hentzen (voerkraalkonsultant en produksiespesialis) wat oor optimale waardetoevoeging met speenkalwers sal gesels terwyl dr Fancois Ebersohn (produksiebestuurder: Bayer Dieregesondheid) na die ekonomiese gevolge van sekere beessiektes sal kyk.

Lourens Scheepers van Omnia sal meer inligting oor bemesting en benutting van aangeplante weiding gee terwyl Johnny Visser (produksiebestuurder: Senwesko Voere) die ekonomie van beesvetmesting en die lewensvatbaarheid van lekaanvulling onder die soeklig sal plaas.

Belangstellende produsente kan met hulle naaste Handelswinkelbestuurder gesels.

Die dag begin om 09:00 by die Lichtenburg Kommando-saal.

Spieëltjie, spieëltjie… wie's die goedkoopste?

Dit is vir Handel belangrik om mededingende pryse vir sy klante op kruideniers- en huishoudelikeware te bied – soos wat 'n mens in 'n onlangse prysopname wat by NWK en drie ander konkurrente op Lichtenburg gedoen is, kan sien.

Volgens Koos van Huyssteen (Bestuurder: Handel) doen NWK gereeld prysvergelykings om seker te maak dat NWK se pryse en voorsieningspeil billik en kompeterend in die mark is.

"Ons het by NWK en drie ander konkurrente presies dieselfde mandjie kruideniersware gekoop en die pryse en beskikbaarheid van die produkte met mekaar vergelyk," sê Koos. Sien is glo:

	NWK	Konkurrent A	Konkurrent B	Konkurrent C
Totaal van mandjie	R1 097,96	R1 191,59	R1 108,99	R1 116,42
Beskikbaarheid van 211 toplyn produkte	91%	78%	53%	82%

Winskopies vir ieder en elk

Die volgende spesiale aanbiedinge is by NWK se handelswinkels beskikbaar:

23 September tot 8 Oktober
Kruideniersware en wynwinskopies

21 Oktober tot 5 November
Kruideniersware en bakwinskopies

Kyk ook uit vir dié spesiale pryse in die komende maande
Oktober: Water- en kunsmistenks, veeartsenymiddels (dip en opgiet), trekkerbande, trekkerbatterye en olie.

November: Buitelewe-toerusting, besproeiing (tuin en landbou), veevoere (somerlekke), tuingereedskap en skoffelpikke/bossiekappers.

Kom hou saam makietie

NWK beplan die volgende ekspo's gedurende Oktober en Desember:

14 Oktober: Boons promosiedag
19 Oktober: Grootpan boeredag
27 Oktober: Sannieshof tuinboudag
27 – 29 Oktober: Zeerust skou
29 Oktober: Delareyville boeredag
3 Desember: Koster ekspo
3 Desember: Ottosdal ekspo

Vir meer inligting, gesels gerus met jou Handelswinkelbestuurder.

Sade hier getoets

Elmarie Jacobs en Elize Kemp besig met kiemingstoetse wat onder gekontroleerde toestande gedoen word.

Het jy geweet dat NWK oor ‘n saadtoetslaboratorium beskik en dat produsente ook van hulle diens gebruik kan maak?

By die saadtoetslaboratorium op Lichtenburg, wat deel van die Saad-afdeling is, word die kiembaarheid en suiwerheid van alle sade getoets en ontleed.

NWK maak gebruik van die dienste van ‘n geakkrediteerde saadanalis, Elize Kemp, wat reeds 22 jaar aan die laboratorium verbonde is. Sy kan byvoorbeeld vir produsente wat grassaad vir eie gebruik oes of oordragsade het, kyk hoeveel vreemde materiaal per kilogram daar is en of die produsent ‘n onkruidprobleem het.

Die toetse word volgens wêreldwye gestandaardiseerde metodes gedoen en die diens word ook aan ander saadmaatskappye gelewer.

Kontakbesonderhede

Indien jy daarin belangstel om van jou graansade by die laboratorium te laat toets, skakel gerus vir Elmarie Jacobs (Verkoopskontroleur) by (018) 632-3023. Sy sal vir jou meer inligting gee oor hoe groot jou monster moet wees en wanneer die uitslae beskikbaar sal wees.

Jy kan haar ook besoek by NWK se Saad-afdeling in die ou Industriële gebied (op die Koster pad in Goedere Weg).

Kunsmis reeds by handelswinkels

Kunsmisvoorrade vir die 2005/2006-plantseisoen is reeds tot beplande hoeveelhede in al NWK se handelstore gelewer.

Reël betyds

Aangesien sekere produkte slegs in beperkte hoeveelhede by sommige handelswinkels aangehou word, word produsente aangemoedig om hul behoeftes vroegtydig met hulle NWK-Omnia-verteenwoordiger in die gebied, of die stoorpersoneel by die handelswinkel te bespreek sodat regstellende voorraadskuiwe betyds gereël kan word.

Klante wat aansienlike hoeveelhede kunsmis oor die toonbank aankoop, word ook aangemoedig om die verteenwoordiger vooraf te skakel sodat dienooreenkomstige terme onderhandel kan word.

Nuwe produkte

“Onthou dat jou verteenwoordiger jou ook van hulp kan wees om alternatiewe produkte aan te beveel om plantvoedseltekorte of ander spesifieke behoeftes aan te spreek,” sê Henk le Roux (Bestuurder: Kunsmisbemarking).

Omnia bied vanjaar enkele nuwe produkte om onder meer sekere mikro-elementtekorte aan te spreek, terwyl hulle reeks spesialiteitsprodukte meer spesifieke behoeftes aanspreek.

Volgens Henk word al hierdie produkte gedurig geherevalueer en ontwikkel om produsente se behoeftes wetenskaplik aan te spreek. “Deur deurlopende navorsing en ontwikkeling verseker ons dat die regte produkte beskikbaar is om die produsent in ‘n posisie te plaas om mededingend en doeltreffend te kan boer,” sê Henk.

Navrae

Skakel gerus vir Henk by (018) 633-1271 of gesels met jou Omnia-verteenwoordiger.

HOPE GROOT PRYSE TE WEN

Komaan, maak nou ‘n draai by jou naaste handelswinkel en staan die geleentheid om groot pryse te wen. Hiérdie pryse is glad nie te versmaai nie…

‘n Bakkie

Koop gedurende 23 September tot 5 November kruideniersware ter waarde van R100 of meer (BTW uitgesluit) by NWK aan en staan ‘n kans om ‘n Nissan 1400 bakkie ter waarde van R70 000 te wen. Hope ander groot pryse is ook te wen. Die kompetisie word by elf van NWK se handelswinkels aangebied.

Twee vierwiel-motorfietse

Klante wat gedurende September tot November tien sakke KK Animal Nutrition produkte koop, staan die geleentheid om een van twee Suzuki vierwiel-motorfietse ter waarde van R40 000 elk te wen.

‘n Dieselkar

Koop vanaf 1 Oktober tot 31 Desember 420 liter Total olie by enige NWK Handelswinkel en staan ‘n kans om ‘n 1 000 liter dieselkar ter waarde van R22 000 te wen. Vir meer inligting oor die kompetisies, gesels met jou Handelswinkelbestuurder.

Bestel vroegtydig

Vloeibare Kunsmis se klante word daaraan herinner om hulle afleweringsbestellings 48 uur voordat hulle die kunsmis op die plaas afgelewer wil hê, te plaas. Volgens Dewald Steyn (Fabrieksbestuurder: Vloeibare Kunsmis) sal hulle poog om die bestelling binne 24 uur op die plaas af te lewer. In geval van nood, skakel Dewald by (018) 632-4690.

Epkor nou 'n volfiliaal van Epko

Die Epkor olieverfyningsaanleg in Johannesburg, waarin Epko 'n 80%-belang gehou het, is sedert Augustus 'n volfiliaal van Epko. Dit volg nadat Epko 'n aanbod aan die minderheidsaandeelhouers gemaak het om hulle 20%-belang in Epkor te bekom en die aanbod aanvaar is.

Dié transaksie bied aan Epko/NWK nou die geleentheid om die verfyningsaanleg optimaal in belang van die aandeelhouers te benut. Die oogmerk is in hierdie stadium om die aanleg vir die verfyning van suiwer sonneblomolie aan te wend, wat opsigself 'n pluspunt vir die sonneblomprodusente in die NWK-gebied is.

HACCP-akkreditasie

Epkor is onlangs opgegradeer om aan die Hazardous Analysis and Critical Control Point System (HACCP) se voedselveiligheidsvereistes te voldoen.

Dié aanleg is tans die enigste sonneblomverwerkingsaanleg in Suid-Afrika wat HACCP-akkreditasie het.

Koördinaat op die web

Produsente kan nou ook *NWK Koördinaat* op die internet lees. Besoek NWK se webwerf by *www.nwk.co.za*. As jy dus vir jou vriende van 'n interessante artikel wil vertel wat jy gelees het, kan jy hulle nou na NWK se webwerf verwys.

Nissan help met plaasbeveiliging

Nissan SA het 'n ooreenkoms met Agri SA aangegaan waarvolgens Nissan 'n bedrag vir elke nuwe Nissan wat 'n produsent of sy familie koop aan die Agri Securitas Trustfonds oorbetaal. Hierdie fonds is gestig om plase te help beveilig.

Nissan het, sedert die ooreenkoms in Oktober 2000 aangegaan is, reeds R3 miljoen tot die fonds bygedra en 70 veiligheidsprojekte is landswyd daarmee gefinansier.

Besoek dus gerus Noordwes Nissan op Zeerust as jy weer daaraan dink om 'n nuwe ryding vir die plaas aan te skaf.

Hoofbestuurder uit eie geledere aangestel

Die nuwe Hoofbestuurder: Nywerhede is nie 'n nuwe gesig in NWK nie. Ertjies Jacobs, voorheen Bestuurder: Noordfed, is sedert 1 Oktober deel van NWK se Hoofbestuur.

Ertjies (47) het 'n BCom- en MBA-graad aan die PU vir CHO verwerf en het sy loopbaan by Yskor op Vanderbijlpark begin. Hy is in 1985 by NWK aangestel en is sedert 1991 Noordfed se bestuurder.

Ertjies Jacobs, Hoofbestuurder: Nywerhede.

Fokus

Hy wil die komende jaar op bestaande bedrywe, fasiliteite en dienste fokus om te verseker dat dit steeds optimaal en winsgewend bedryf word. Daar sal ook aandag geskenk word aan nuwe produksiefasiliteite wat in bedryf gestel is (die geelgruisaanleg by Noordfed en die verfyningsaanleg by Epko) om dit so spoedig moontlik optimaal te laat funksioneer.

Ertjies is getroud met Ilse en die egpaar het drie kinders: Jan, Jako en Lize.

Skuiwe

Kunsmisbemarking, Vloeibare Kunsmis en die Saad-afdeling sal voortaan aan die Hoofbestuurder: Handel, Dirk Lotter, rapporteer terwyl die Motorfiliale saam met Bemarkingsdienste, Epko, Noordfed en NWK Vervoer aan Ertjies sal rapporteer terwyl hy steeds op die Direksie van Noordwes Voere sal dien.

Kobus Labuschagne tree af

Ertjies se aanstelling volg na die aftrede einde September van Kobus Labuschagne (vorige Direkteur: Nywerhede). *Sien ook die artikel op bl. 8.*

Ontmoet VW se onderdele-afdeling

Op soek na 'n Volkswagen-onderdeel vir jou voertuig? Besoek gerus Noordwes VW op Lichtenburg in Nelson Mandela Rylaan. Pieter Geldenhuys (Onderdelebestuurder), Erna Jacobs (Onderdeleklerk) en Philip Letsholonyane (Rakpakker) sal jou met 'n glimlag bedien. Jy kan hulle ook skakel by (018) 633-1315.

Noordwes VW het ook 'n nuwe Administratiewe Klerk: Verkope. Baie welkom aan Magda du Toit.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Johan Steyn

NWK se Sekretaris, Johan Steyn, is 'n bekende gesig in NWK. Hy is vanaf 1983 by NWK betrokke en beklee sedert 1 April 1996 sy huidige pos. Hy het 'n BA(Hons)-graad.

Johan Steyn

Johan is onder andere verantwoordelik vir:
- die administratiewe reëlings en sekretariële funksie rondom Direksie-, Bestuurs-, Direksiekomitee- en Algemene Jaarvergaderings, asook wyksverkiesings;
- die nakoming van toepaslike statutêre vereistes;
- die administrasie van aandele-aangeleenthede, wat die interne hantering van die oordragfunksie insluit;
- die amptelike skakeling tussen die Administrasie en die Direkteure; en
- ad hoc-opdragte van die Direksie en Bestuur.

Kontakbesonderhede

Tree met Johan in verbinding by (018) 633-1160 of *steynj@nwk.co.za*.

Wen 'n geskenkpak

'n Gelukkige leser kan 'n geskenkpak met Noordfed-produkte ter waarde van R100 wen. Die geskenkpak bevat: 5 kg Super Goal mieliemeel, 5 kg Deliko stampmielies, 5 kg koekmeel, 5 kg bruinbroodmeel, 5 kg Deliko rys, 1 kg Deliko sopmengsel, 1 kg Deliko springmielies, 500 g Deliko ertjies, 500 g Deliko suikerbone, 500 g Deliko wit Harricot bone en 500 g Deliko lensies.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Beantwoord net die volgende maklike vraag: *Wie is die nuwe Hoofbestuurder: Nywerhede?*

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks: (018) 633-1916 of e-pos: *jbezuidenhout@nwk.co.za*. Inskrywings moet Johan voor of op 11 November 2005 bereik.

Die prys word deur Noordfed geborg.

Vorige wenner

Baie geluk aan Me A.E. Vermeulen van Biesiesvlei wat die wenner van die Cadac opvoubare aluminium-piekniektafel is.

Die prystrekking is deur PricewaterhouseCoopers, Lichtenburg, behartig.

Reëls

• Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie. • Slegs een inskrywing per persoon. • Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn. • Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word. • Die prys kan nie vir kontant verruil word nie. • Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 11 November 2005.

KOBUS TREE AF

Kobus Labuschagne (Direkteur: Nywerhede), wat vir bykans 25 jaar deel van NWK was, het aan die einde van September afgetree.

Sy loopbaan by NWK het in 1981 begin as Senior Navorsingsbeampte by die destydse Landbou-ontwikkelingsdepartement. Kobus se paadjie by NWK het baie kronkels gemaak, onder andere as Direkteur: Handel en later as Direkteur: Nywerhede.

Enkele hoogtepunte in sy loopbaan was die aanvanklike vestiging van Noordwes Voere en latere gesamentlike onderneming met Senwesko Voere; verkryging van 100% belang in Noordfed; opgradering van die mieliemeule; vestiging van die koringmeule, hondekosaanleg, geelgruisaanleg, oliepers en olie-verfyningsaanleg op Lichtenburg en die verkryging van die verfyningsaanleg in Aeroton. Die tot stand bring van die NWK-Omnia Agentskap, die rasionalisering van die handelsaktiwiteite en die vestiging van 'n gekoördineerde bemarkingsbenadering by NWK is verdere mylpale.

"Vir my is die mededingende voordele van NWK hoofsaaklik gesetel in die gehalte van sy personeel en die gesonde balans tussen winsgewendheid (ekonomiese waardetoevoeging vir die aandeelhouers) en klantediens/-verhoudings. NWK mag nooit daarvan afwyk nie," sê Kobus.

Ten slotte

"Alles wat 'n mens is en bereik, is bloot genade uit die Vader se hand."

NWK op OFM

OFM-luisteraars het sekerlik opgemerk dat hulle deesdae op 'n meer gereelde basis 'n advertensie van NWK op OFM hoor. Volgens Johan Bezuidenhout (Bestuurder: Bemarkingsdienste) gaan klante vir die volgende jaar ten minste een keer per week 'n advertensie van NWK op OFM hoor. Hou gerus jou ore elke tweede Woensdag om 13:35 en elke tweede Vrydag om 07:30 oop vir die NWK advertensies.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE

Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*

Estie Steyn (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER

Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*

Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van die inhoud van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.